

# Ons Haantjie

Nr 126

Mei 2016

## Nuusbrief van die Peter Henning Familielond

Wingerd 205  
Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
Villiersdorp  
6848

Tel: 028 840 0113      [www.henning.org](http://www.henning.org)      E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)  
Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

## Jannetta verwerf haar Doktorsgraad



Jannetta Steyn webmeester van die Henning Familielond se webwerf op Internet, saam met haar twee kinders, Stuart (links) en Leonetta tydens die gradeplegtigheid by die Open University in Engeland, toe sy haar eerste meestersgraad (MSc Computing for Commerce and Industry) in 2009 verwerf het

Jannetta Steyn \*27-6-1962 is die dogter van b7.c8.d8.e3.f1. Leonetta (Leonie) Steyn (gebore Henning). Met die stigting van die Henning Familielond op 21 Julie 1984 was Jannetta die jongste persoon wat die vergadering bygewoon het. Sy was maar 22 jaar oud! Ten spyte van die feit dat sy nie 'n gebore Henning was nie, het sy altyd 'n belangstelling in die familielond se aktiwiteite getoon. Toe die Internet op die voorgrond begin tree, het Jannetta voorgestel dat sy 'n internet webwerf vir die familielond sou skep en op eie koste in stand sal hou, wat sy dan ook gedoen het. Ons het verskeie kere in die nuusbrief oor haar geskryf, waarvan die berig in Nuusbrief 121 van Februarie 2015 die laaste was. Toe dit gedurende Maart 2016 bekend word dat die Universiteit van Newcastle in Newcastle-upon-Tyne in Engeland 'n Doktorsgraad aan haar toegeken het, het ons haar gevra om sommer so 'n stukkie oor haarself te skryf. Dit is wat sy oor haarself te sê het:

*Ai, dis altyd moeilik as iemand vra dat jy oor jouself moet skryf. Dit klink so windgat en omrent al die sinne begin met "ek". My Afrikaanse onderwyseres het my geleer dat dit nie goeie taalgebruik is om al die sinne met "Ek" te begin nie!*



Janetta Steyn en haar twee kinders tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit van Newcastle, Engeland toe sy haar tweede meestersgraad (MSc Bioinformatics and Computational Systems Biology) met onderskeiding verwerf het

Ten spyte van die feit dat dit deur sommige sterk betwyfel word, is ek wel gebore, ek het nie uit 'n verbygaande ruimtetuig gevval nie. Ek het hoofsaaklik in Brakpan groot geword waar ek eers na Laerskool Kommando en toe noodgedwonge na Hoër Meisieskool Stoffberg toe moes gaan. Dis noodgedwonge want eintlik wou ek direk universiteit toe gaan maar hulle wou my nie toelaat nie. Ek was maar altyd 'n bietjie ongeduldig. Om die tyd om te kry het ek deelgeneem aan alles wat ek kon. Ek het viool gespeel in die Oos-Randse jeugorkes en gesing in die Brakpan Jeugkoor. Ek het hokkie gespeel en atletiek gedoen en sommer Karate ook na skool.

(Red: Ons het gehoor dat toe Jannetta nog 'n klein dogtertjie was, haar ma op 'n keer met haar

verjaardag vir haar gevra het wat sy vir 'n geskenk wou hê. Jannetta antwoord toe, “n sportmotor”. Haar ma sê toe vir haar dat sy mos reeds 'n ander karretjie het. Jannetta was vinnig om te sê: “Ja, maar dit is speelgoed!”)

Uiteindelik, in 1980, is ek toe PUKKE toe waar ek 'n BA met Sosiologie en Tswana as hoofvakke gedoen het. Mens spandeer natuurlik nie al jou tyd op universiteit aan studies nie, mens moet ander lekker dinge ook doen en dus het ek trapkar gery, in die Puk-koor gesing en ook aangegaan met karate sodat ek my swart gordel in my vierde jaar op die Puk verwerf het. Na die graad het ek 'n nagraadse onderwysdiploma gedoen (HOD[N]) maar besluit toe om eerder weermag toe te gaan. Na twee jaar in die weermag besluit ek toe dat dié lot nie gedissiplineerd genoeg is vir my nie want die weermag se leuse is (was) mos “Hurry up and wait!” en ek het 'n kleintjie dood aan laat wees. Toe gaan hou ek skool by 'n kollege vir so net onder die twee jaar. Soos 'n tipiese onderwyseres het ek klas gegee in alles waarvoor ek nie gekwalifiseerd was nie, Wiskunde, Wetenskap, Rekenaarpraktyd, en Logikastels. Teen daardie tyd het ek reeds my liefde vir rekenaars ontdek en was ingeskryf by Unisa vir 'n diploma in datametrie met rekenaarswetenskap as vak. En so het my rekenaarloopbaan begin.

Vir die volgende nege jaar het ek by verskeie plekke gewerk as rekenaarprogrammeerder. Die Unisa-diploma het my jarrrrrrr geneem om klaar te maak. Korrespondensiestudies is nie kinderspeletjies nie en in elk geval moes ek tussen werk en swot tyd kry om 'n Nood-Mediese-Assistentkursus by die brandweer te doen, sowel as die basiese ambulanskursus. Ek doen toe ook die ses weke brandweerkursus sodat ek deeltyds en as vrywilliger by die brandweer op die ambulanse en brandweerwaens kon werk. Nie dat dit nodig was nie, maar dit was daar en toe doen ek sommer die Rooikruiskursusse ook om 'n Rooikruis-eerstehulpinstrukteur te word.

In 1995 plaas ek toe my CV op 'n Internetwebwerf en uit die bloute kry ek 'n oproep uit Liechtenstein vir 'n werk in Londen. Ek ploeter toe al die pad Londen toe in April 1996. Daar aangekom besluit ek dat as ek 'n winter en 'n somer in Engeland kan oorleef dan sal ek reg wees om 'n leeftyd te oorleef. Na 20 jaar is ek nog steeds in Engeland.

In 1997 is ek getroud met 'n Engelse Suid-Afrikaner wat ek in Londen ontmoet het. Ongelukkig het die huwelik nie lank geduur nie en ons is in 2002 uitmekaar, maar daar het darem twee gelukkies uit die ongeluk gekom. Eers Leonetta wat nou 17 is en toe Stuart wat nou 15 is. Vir die gelukkies se onthalwe het ons besluit om uit Londen na Durham toe te trek waar ek nou nog bly. Ek het opgehou werk toe ek swanger was met Leonetta. Omdat niemand vir my vertel het hoe moeg die gelukkies mens kan maak nie skryf ek toe in vir 'n korrespondensie meerstersgraad by die Open University. In 2003, toe ek alleen vir die twee moes begin sorg, moes ek naarstiglik weer werk soek. In die vyf jaar wat ek nie gewerk het nie het ek 'n klein besigheidjie van die huis af begin maar dit het nie genoeg geld ingebring om ons aan die gang te hou nie. Van 2004 tot 2005 werk ek toe vir 'n plaaslike kollege en sien om na hulle internet- en intranetwebwerwe. Aan die einde van 2005 begin ek toe vir 'n ander maatskappy werk as 'n sagteware ingenieur.

Teen 2009 was ek moeg vir besigheidsagteware. Ek maak toe darem daardie jaar die Open University meestersgraad in sagteware ingenieurswese klaar. Iets wat ek van kleins af wou doen was om 'n doktorsgraad te voltooi. Die gebruik van rekenaars in genetika het meer en meer belangrik begin word en Bioinformatika het geklink of dit my sal kan besig hou vir 'n tydjie. Ek kry toe 'n beurs om 'n meestersgraad in Bioinformatika te doen met die hoop om dan 'n beter kans te staan om 'n beurs vir 'n PhD te kry. In 2010 vang ek die Meestersgraad met onderskeiding en in 2011 begin ek toe met 'n doktorsgraad in neuro-informatika.


Op die 4de Maart 2016 het ek 'n epossie ontvang wat sê, dis reg so, hulle sal vir my 'n doktorsgraad gee. Van die begin van 2015 werk ek egter ook voltyds vir die "Bioinformatics Support Unit" by Newcastle Universiteit in Newcastle-upon-Tyne in Engeland. Ek gebruik dus nou die rekenaar om in mense se gene rond te krap om te sien of ons kan uitwerk wat in mense se gene veroorsaak allerhande siektes soos kanker, dementia ens. Dis 'n groot werk. Hoe meer mens krap en hoe meer mens leer, hoe meer besef jy hoe min weet ons en hoe kompleks die mens se samestelling is.

Ek doen nog steeds ander goed wat nie werk is nie. Hier was nie 'n karateklub in Durham nie en toe begin ek maar weer van voor af en doen Tae Kwon Do. So tussen die kinderskry en werk en swot deur het ek uiteindelik 'n swart gordel daarin ook verwerf. My seun doen ook nou Tae Kwon Do en hy het nou 'n rooi gordel met 'n swart strepie wat beteken sy volgende gordel sal swart wees. Dis baie lekker om dit saam met hom te doen.

Ek is mal daaroor om goed te maak en te bou en ek speel graag met elektronika. Ek het selfs 'n 3D drukker gebou. In die Februarie 2015 nuusbrieft was daar 'n artikel omtrent die neurowetenskapaktiwiteite wat ek met studente en skoolkinders doen. Ek is nog steeds daarmee besig en ek hoop om nou my 3D drukker in te span om 'n robothand te maak. Hopelik sal dit my wetenskapuitreikaktiwiteite nog meer interessant maak.

Besoek gerus my webwerf by <http://www.jannetta.com> om te sien waarmee ek myself besig hou.

# Boereheld Gideon Scheepers en die Henning families van Graaff-Reinet en Cradock



**Boereheld Gideon Scheepers wat gedurende 1900 'n brief aan 'n raaiselagtige "Hennings korps" geskryf het.**

lyk asof een van die Britse soldate dit Engeland toe gebring het, waar dit van geslag tot geslag oorgedra is. Mills beweer dat baie min items van daardie era nog in 'n goeie toestand is. Dat hierdie manuskrip nog leesbaar is en dat dit deur Scheepers geskryf is, is volgens hom merkwaardig.

Nadat Olivier Henning die brief op internet gesien het, het hy die mening uitgespreek dat enigiemand wat hierdie brief sou gekoop het – vir watter bedrag ookal – binne 'n jaar of twee nikks van sy brief sou oorgehad het nie, weens die skade wat roes en papier myte reeds aan die brief aangerig het. Gelukkig is die brief nou geskandeer en kan in hierdie formaat behoue bly.

Ter agtergrond verstrek ons graag 'n bietjie van Gideon Scheepers se geskiedenis en spekuleer dan verder oor die geadresseerde Hennings Korps.

Gideon Scheepers is op 4 April 1878 te Middelburg in die Zuid-Afrikaansche Republiek gebore. Op 16-jarige leeftyd sluit hy by die ZAR Staatsartillerie as 'n heliograaf aan. Gedurende Desember 1900 het hy onder aanvoering van kommandant (later Generaal) Kritzinger die Kaapkolonie binnegedring met die doel om Kaapse rebelle te werf om by die Boeremagte aan te sluit. Weens sy harde werk en vindingrykheid is hy kort hierna, op 22-jarige leeftyd, bevorder tot kommandant van 'n 150-manseenheid — die Witkoppenkommando (na aanleiding van die wit band op hul hoedens), wat die Britse troepe die stryd in die Kaapkolonie moes aansê.

Van tyd tot tyd sien mens berigte wat ons Henning's se aandag trek. In Rapport van 31 Januarie 2016 het daar so 'n berig verskyn oor 'n brief wat die Boereleier Gideon Scheepers in 1900 geskryf het, wat die voorafgaande week nie die reserweprys van R30 000 op 'n veiling gehaal het nie.

Die brief, wat in Junie 1900 gedurende die Anglo-Boereoorlog, 1899 - 1902 te Brandvlei geskryf is, is gerig aan "die Hennings Korps". Die feit dat die brief gerig is aan "die Hennings Korps", het onmiddelik Bondsekretaris Olivier Henning se aandag getrek.

In dié brief, wat deur die Kaapse antiekhandelaar Clarke's Africana & Rare Books opgeveil is, rig Scheepers sewe versoek. Een daarvan is vir 50 gesonde mans wat saam met hom, 'n kaptein, twee luitenante, drie sersante en korporaals die Britte in verskeie Oos Kaapse distrikte, sou aanval.

Volgens Paul Mills, woordvoerder van Clarke's, het hulle 'n jaar gelede in Engeland op die manuskrip afgekom. Dit

115  
Draeke des Hemmings Korps

I Gel-koop Zal blykbaar en - niet  
goed wifig, Gedenk my op gesondheid, Indien  
die handel in giffelik, I sou ons goed gaan  
te opehouer, dan Commando ons af te  
oefen, dan op alle oorende, dat  
het handel in giffelik niet handel be-  
winger en verkeer.

II Daar verbindig of waag my dit soe handel  
Den by gel of geld, dat wou my voorstaan  
dat den agter is ons verantwoordelik  
Gordens Korps lukt ons niet machting  
Handel in giffelik, dat ons  
geat geft, dit moet ons gemaak wordt tot ons  
nem.

III En voor dit ouder wortel in ons nicht - de  
Hier genoemde sige te vergoopend doen wat  
Die Gel wortel spesiale kennis hou, die  
is belang en ons dste volgzaam te -  
vervleugeling van huisme plekkes.

IV Soe gelykstaande,  
1. (Van) tot pellier  
2. (Van) Susterdienst  
3. (Dye) Surgeantie en Kogelveld onder Officier  
tot Tapetius Winkel - op te leue ouder en kinders  
van Kel-Korps op hijs (taut), hell-hell  
hell-typelik Susterdienst, want te stellin  
tot Kogeling plek - want Onder Officier  
moeders binne met die ouder en kinders  
(doen).

Die eerste bladsy van die brief wat Kmdt Gideon Scheepers aan die "Hennings Korps" geskryf het. Let op na die baie roeskolle en die disintegrasie van die papier. Die brief is ook baie moeilik leesbaar. In die eerste reël sien mens die geadresseerde, "Hennings Korps" wel duidelik leesbaar



b5.c5.d6.e3. Opper Wachtmeester Gerrit Frans Henning \*Jun 1877 (links), die enigste Henning wat 'n beroepsoldaat in die ZAR Staatsartillerie was. Regs op die foto is Jan Grabe

op 9 Desember 1901 oorgeplaas na die tronk te Graaff-Reinet. Hy is op sestien aanklagte aangekla: Sewe van moord, een van poging tot moord, een aanklag dat hy gevangenes in 'n vuurlinie geplaas het, een van mishandeling van gevangenes, drie aanklagtes dat hy mense 'n loesing (met 'n sambok) gegee het, twee aanklagtes van saakbeskadiging (spoorlyn en trein) en een aanklag van brandstigting (wat 15 insidente ingesluit het). Die aanklaer het 52 getuies geroep. Scheepers het sy eie prokureur, Thomas Auret, aangestel om hom te verdedig.

Scheepers is deur 'n Britse militêre hof skuldig bevind aan moord, brandstigting en sabotasie van treine en het hierna op 18 Januarie 1902 te Graaff-Reinet voor 'n Britse vuurpeloton gesterf. Hy is geblinddoek en aan 'n stoel vasgebind. Daarna is hy gefusilleer en het agteroor te lande gekom langs die graf wat reeds gegrawe was. Die Britte het geweier om sy stoflike oorskot aan enigiemand te oorhandig omdat hulle wou voorkom dat 'n held van hom gemaak word. Hy is in 'n geheime plek begrawe, want hulle wou nie hê dat daar 'n graf moes wees waar hy gehuldig kon word nie.

Scheepers verwerf martelaarstatus in Afrikanergeledere deur die Britse krygshof se optrede en hy word vandag nog as een van die helde van die Boeremagte gereken.

Die klein kommando het veral sukses behaal om Britse spoornet en telegraafverbinding in die Oos-Kaap te saboteer, terwyl hinderlae die Britse troepe verliese toedien het. In hierdie skermutselinge word Scheepers se heldhaftigheid ten toon gestel. Scheepers se aksies en teenwoordigheid in die Kaapkolonie veroorsaak dat baie Kapenaars by die Boeremagte aansluit. Gedurende 1901 is sy kommando hoofsaaklik in die distrikte Graaff-Reinet, Cradock, Murraysburg en Montagu bedrywig.

Scheepers het reeds vroeg in September 1901 begin siek word. Teen 10 Oktober was hy te siek om voort te gaan en sy kommando het hom op die plaas Kopjes Kraal, digby die huidige Prins Albertwegstasie, agtergelaat. Die Britte het hom op 12 Oktober daar gekry en onmiddellik 'n dokter ontbied. Die geneesheer se diagnose was "onheilspellende obstruksie van die ingewande en blindedermontsteking". Op 8 November 1901 skryf Scheepers aan sy ma dat hy aan ingewandskoers ly.

Scheepers is verpleeg in hospitale te Matjiesfontein, Beaufort-Wes, Naauwpoort en uiteindelik is hy

Sy teregstelling het groot verontwaardiging in Suid-Afrika en oorsee ontlok. Selfs in die VSA het die Huis van Verteenwoordigers en die Senaat besluite ondersteun dat hy volgens die Geneefse Konvensie behandel moes word, maar hierdie pogings was te laat om sy teregstelling te voorkom. Dit word ook betwyfel of 'n Britse militêre hof kragtens die internasionale reg bevoeg was om, terwyl die oorlog nog aan die gang was, die doodvonnis uit te spreek oor 'n krygsgevangene wat nie 'n Britse onderdaan was nie. Gideon Scheepers was 'n gebore Transvaler.

Scheepers se ouers het tot met hulle dood (pa Jacobus in 1934 en moeder Sophia in 1956) na Gideon se oorskot gesoek.

Ons wil nou fokus op die Hennings Korps aan wie Gideon Scheepers se brief gerig was.

1. Teen 1900 was daar nog geen mense met die van HENNINGS in Suid-Afrika nie. Voor daardie datum het dit van tyd tot tyd gebeur dat individue met die van Henning se vanne op enkele dokumente verkeerd as "Hennings" gespel is, maar dit was werklik die uitsondering. Die woord Hennings Korps blyk dus ontoepaslik te wees, tensy dit geskryf was om mense te mislei, as dit dalk in verkeerde hande sou beland;

2. Hoewel die plaas van Pieter Hendrik Henning \*1740, die Henning stamvader en van sy nasate in die Graaff-Reinet (later Cradock) distrik geleë was, was slegs enkele van sy nasate gedurende die ABO nog woonagtig in die distrikte Graaff-Reinet, Cradock, Middelburg, Hofmeyr, Tarkastad, waar Gideon Scheepers en sy manne bedrywig was. Die oorgrootste meerderheid Henning's het gedurende die ABO in die Noord-Oos Kaapse distrikte Burgersdorp, Aliwal-Noord, Steynsburg, Jamestown, Dordrecht, asook in die Oranje Vrystaat en Transvaal (ZAR) gewoon. Almal was gewone boere (landbouers).


3. Slegs een Henning was ten tye van die ABO 'n beroepsoldaat, nl. b5.c5.d6.e3. Gerrit Frans Henning \*1877. Hy was 'n Opper Wachtmeester in die Staatsartillerie van die ZAR. Daar bestaan dus 'n groot moontlikheid dat Gideon Scheepers en Gerrit Frans Henning mekaar geken het.

Daar kan aanvaar word dat die term "korps" sekerlik gedurende die ABO 'n georganiseerde groep mense sou bedoel het, soos byvoorbeeld die korps van artilleriste van die ZAR, of korps van infanteriste of 'n korps van Henning mans.

Hoofstuk 13 van die Henning Familielikroniek behandel huis die krygsgeskiedenis van die Henning familie en ons kan sonder huiwering sê dat ons nie bewus is van 'n HENNING KORPS gedurende die ABO nie — veral nie in die distrik Graaff-Reinet (en omliggende distrikte) waar Gideon Scheepers bedrywig was. Ons is slegs bewus van twee Henning's wat lede van Rebelle kommando's in hierdie gebiede was, nl die twee broers:

1. b10.c6.d1. Daniël Stephanus Henning \*12-4-1867. Hy het gedurende die ABO 1899—1902 in die Lötter Kommando van Kaapse Rebelle, onder oorhoofse bevel van Genl Kritzinger gedien en is op 5-9-1901 te Paardekraal (hulle familieplaas en 'n buurplaas van Elandskraal, die oorspronklike Henning familieplaas), distrik Cradock saam met Kmdt Lötter krygsgevange geneem. Omdat hy 'n Kaapse rebel was, is hy op 20-9-1901 as 'n Eersteklas Rebel ter dood veroordeel, omdat hy 'n Britse soldaat geskiet en sy wapen afgeneem het. Hierdie vonnis is egter later na £100 boete en drie jaar tronkstraf verander. Gedurende die oorlog is hy in die gevangenis te Bermuda aangehou en na die oorlog in die Tokai gevangenis. Gedurende Maart 1903 is amnestie aan hom verleen.

2. b10.c6.d4. Johannes Petrus Henning \*7-7-1875. Gedurende die ABO het hy op die plaas Paardekraal, Cradock gewoon. Hy is op 18 September 1901 op sy plaas krygsgevangene geneem en omdat hy as 'n Eersteklas Rebel beskou was, is hy op 16 Desember 1901 ter dood veroordeel weens wapendiefstal. Die vonnis is egter na drie jaar tronkstraf verminder. Na die oorlog is amnestie gedurende Maart 1903 aan hom verleen.



Burgers van die distrikte Graaff-Reinet, Cradock, Middelburg wat lede was van die Lötter Kommando van Kaapse Rebelle gedurende die ABO. Nr 19 op die foto is b10.c6.d1.  
Daniël Stephanus Henning \* 12-4-1867

Totdat nuwe navorsing hierdie Hennings Korps positief kan identifiseer, is ons werklik van mening dat Scheepers met opset 'n fiktiewe geadresseerde aangedui het, om die werklike ontvanger se identiteit te beskerm. Hoe hy by "Hennings Korps" uitgekom het, kan mens net spekuleer. Miskien het hy een of albei die Henning broers, Daniël Stephanus en Johannes Petrus geken, maar as hy hulle geken het en hulle identiteit wou beskerm, sou hy sekerlik nie hulle van op die brief vermeld het nie. Daarom kan mens sekerlik aanvaar dat Scheepers nie een van hierdie twee broers geken het nie.

Moontlik het Scheepers vir Opper Wachtmeester Gerrit Frans Henning \*1877 van die ZAR Staatsartillerie geken en het sy naam gebruik omdat hy geweet het dat Gerrit Frans 'n lid van die Artilleriekorps van die ZAR was, wat op daardie stadium nie naby die Oos-Kaap aangewend is nie.

Ten spyte van die feit dat ons van mening is dat hierdie net 'n fiktiewe Henning(s) was, hoop ons dat ons lesers hierdie artikel ook interessant gevind het.

## b5.c1.d5.e8.f1.Hendrik Stephanus Henning \*8-8-1930 en die Dewetsdorp Henning's

Ons het in Nuusbrief 123 van Augustus 2015 die verhaal vertel van b5.c1.d5.e9.f1. Daphné Olivier (gebore Henning) \*8-4-1925. Sy is as 'n pasgebore babatjie deur 'n Lessing egaar aangeneem, omdat haar biologiese ma, Lea Magdalena Henning (of Lena, soos sy genoem is) nog ongetroud was met haar geboorte. Sy het dus met die van Lessing groot geword, tot en met haar troue in 1942.

Lena Henning is op 8 Mei 1902, kort voor die beeindiging van die Anglo-Boereoorlog (ABO) in die Bethulie Konsentrasiekamp gebore. Met die beëindiging van die oorlog het haar ouers, met Lena en haar ouer boetie, Hendrik Stephanus, gebore 24-5-1899 teruggekeer na hulle afgebrande plaas



Anna Sophia Henning (gebore Roux, voorheen Weideman) tweede eggenoot van b5.c1.d5. Jan Andries Henning \*6-1-1836 en moeder van beide Hendrik Stephanus Henning (e8) \* 24-5-1899 en Lea Magdalena Henning (e9) \* 8-5-1902



b5.c1.d5.e8. Hendrik Stephanus Henning \* 24-5-1899, sy vrou Helena Dorothea (gebore van Staden) \*Feb 1897 en hul enigste seuntjie, Hendrik Stephanus \*8-8-1930. Hierdie foto is sekerlik op 'n Sondag geneem - Hendrik het sy ouderling manelpak aan

Kraanvogelvlei, in die Dewetsdorp distrik.

Daphné Olivier en haar ma, Lena Henning se verhaal het ons geleei na die geskiedenis van Lena se broer, b5.c1.d5.e8. Hendrik Stephanus Henning, gebore 24-5-1899. Met ons kennis van die haglike omstandighede wat in die Konsentrasiekamp op Bethulie geheers het en die 1311 klein kindertjies wat hier gesterf het, dink ons dat dit 'n wonderwerk was dat hierdie klein babaseuntjie veilig deur hierdie "helkamp" gekom het. Hy het verder groot geword op die plaas Kraanvogelvlei, Dewetsdorp.

Ons het geweet dat Hendrik Stephanus twee keer getroud was en dat hy

net een kind – ‘n seun, Hendrik Stephanus gehad het. Omdat hierdie seun dieselfde name as sy pa gekry het, is hy Fanie genoem. Hy is op 8 Mei 1930 te Dewetsdorp gebore.

Ons het Fanie se naam op ‘n ou kieserslys - die 1987 kieserslys - opgespoor, waar sy adres as Posbus 8, Senekal aangedui word. Ons het gedurende Oktober 2015 ‘n kans gevat en ‘n brief aan hom by hierdie adres gerig, min wetende dat dit sy werksadres was en dat hy al oorlede was ... en toe gebeur iets ongelooflik! Mens sal aanvaar dat dit wel in die “ou Suid-Afrika” moontlik sou gewees het, maar in die “nuwe Suid-Afrika”, nog so nooit as te nimmer nie!!


Die brief arriveer by die Senekal poskantoor en die personeel, wat Fanie (Hendrik Stephanus) Henning skynbaar geken het, weet dat hy al in 2012 oorlede is en dat die nuwe huurder van Posbus 8 niks van ‘n H S Henning sal weet nie. Die betrokke amptenaar het Fanie se twee dogters, wat steeds op Senekal woon, geken en die brief aan sy oudste dogter, Riana Henning oorhandig.

Onder normale omstandighede was daar net twee dinge wat met so ‘n brief kon gebeur — hulle kon hom terugstuur na die afseender of hom sommer net weggooi. Die feit dat ‘n verkeerd geadresseerde brief aan ‘n persoon wat al vier jaar lank oorlede is by die geadresseerde se kinders uitkom, is beslis ongelooflik!

Met Riana se hulp kon ons hierdie tak van die Henning familie dus volledig rekonstrueer. Riana kon ons ook van verskeie geskiedkundige Henning foto’s voorsien.

Kom ons begin by b5.c1.d5. Jan Andries Henning \*6-1-1836. Hy is vermoedelik gedurende 1855/56 met Anna Elizabeth van Heerden getroud en hulle het sewe kinders (drie seuns en vier dogters) gehad, waarvan die oudste in 1857 en die jongste in 1872 gebore is. Sy vrou, Anna sterf gedurende 1898 en hy tree kort hierna weer in die huwelik met die weduwee Anna Sophia Weideman (gebore Roux). Sy het drie kinders by haar eerste man gehad en was ongeveer dieselfde ouderdom as Jan Andries se oudste kinders. Jan Andries het dus nou drie stiefkinders, by sy eie sewe kinders, bygekry.

Hy boer op die plaas Kraanvogelvlei in die Bloemfontein – later Dewetsdorp -



Die huis in Dewetsdorp waar b5.c1.d5.e8. Hendrik Stephanus en sy gesin gewoon het

distrik. Kort voor die uitbreek van die ABO, word op 24 Mei 1899 vir hom en sy nuwe vroutie, Anna Sophia 'n babaseuntjie gebore. Hy kry die naam Hendrik Stephanus.

Gedurende die oorlog begin die Britse militêre owerhede al die Boere vrouens en kinders, asook ouer mans, wat nie op kommando kon gaan nie, in konsentrasiekampe aanhou. Jan Andries Henning, wat op daardie stadium reeds 65 jaar oud was, is saam met sy vrou Anna, hul baba Hendrik Stephanus en verskeie van sy kinders en kleinkinders, by sy eerste vrou in die Bethulie kamp aangehou.

Een van sy dogters, Johanna Elizabeth (getroud Pretorius) en drie van sy kleinkinders sterf dan ook in die Bethulie "helkamp" (soos Genl De Wet die Bethulie kamp genoem het), maar daar word ook 'n tweede kindjie, die dogtertjie Lea Magdalena op 9 Mei 1902 vir hom en sy vrou Anna Sophia gebore.

Die driejarige Hendrik Stephanus oorleef hierdie helkamp en keer na die oorlog, saam met sy ouers en sy nuwe babasussie, Lena terug na hulle plaas, Kraanvogelvlei. Hier is alles natuurlik aangebrand en vernietig. Al die diere is doodgemaak. Slegs met die grootste ontberings en harde – harde werk kan mens hier oorleef.

Ons weet dat Jan Andries op 6 September 1914 oorlede is, maar is nie seker of hy en sy gesin voor of na sy dood na die dorp, Dewetsdorp verhuis het nie. Ons weet net dat sy weduwee en haar twee kinders, Hendrik Stephanus \*24-5-1899 en Lea Magdalena \*9-5-1902 later in 'n dorpshuis in Dewetsdorp gewoon het. Foto op vorige bladsy.

Hendrik Stephanus is op 31 Maart 1925 hier getroud met Helena Dorothea van Staden (wed Fourie). Na haar dood in 1948 op Dewetsdorp, trou hy dieselfde jaar weer met die weduwee Aletta Susanna Coetzee (gebore Van Vuuren). Hy en sy eerste vrou het net een kind – 'n seun, wat sy pa se name kry – Hendrik Stephanus – wat op 8 Augustus 1930 op Dewetsdorp gebore word.

Hendrik Stephanus Snr was 'n bouer van beroep, maar hy het ook verfwerk en skrynwerk gedoen. Hy was dus 'n baie handige man, wat in daardie dae baie gesog was onder boukontrakteurs. Hy het op 'n stadium ook "taxi" gery. Hy het onderwyseresse met skoolvakansies of naweke tussen die stasie en hul woonplekke (losies of koshuis) vervoer. Sy vrou Helena, het skynbaar nooit gewerk nie, maar dit is bekend dat sy baie mooi gehekel het. Verskeie van die lappies wat sy gehekel het, is vandag nog in besit van haar kleindogters.

Hendrik Stephanus Henning, Jnr (\*8-8-1930) – of Fanie – soos hy deur almal genoem is, word ook groot te Dewetsdorp.



'n Kosbare foto van b5.c1.d5.e3. Barend Johannes Henning \*5-1-1860 en sy vrou, b5.c4.d1.e3.Susanna Dorothea Henning (gebore Henning)\*15-9-1860 wat Riana Henning vir ons gestuur het. Barend Henning was 'n ouer (half) broer van b5.c1.d5.e8. Hendrik Stephanus Henning \*24-5-1899. Hy was die derde oudste kind en 39 jaar ouer as sy halfbroetie




b5.c1.d5.e8.f1. Hendrik Stephanus (Fanie) Henning \*8-8-1930, sy vrou Martha Elizabeth (gebore Du Toit) \*16-5-1932 en hul twee dogters, Riana \*17-7-1964 en Alta \*4-9-1967

Na hy matriek geslaag het, begin hy werk as ouditeur by Meyer, Nel & Kie op Senekal. Daarna word hy Finansiële Bestuurder by MVK (Midde Vrystaat Suiwel Koöperasie), wat later deur Clover oorgeneem is. Hy werk daar tot en met sy aftrede.

Hy trou op 18 Maart 1961 te Fauresmith met Martha Elizabeth Du Toit, maar sedert hulle huwelik woon hulle op Senekal. Martha was 'n kindertuin onderwyseres en het die klas gegee vir Sub A's en B's. Sy het na haar opleiding eers op Brandfort skoolgehou en nadat

sy en Fanie getroud is, op Senekal. Later jare het sy in 'n sportwinkel, Intro, op Senekal gewerk tot en met haar aftrede. Hulle sterf beide te Senekal — Martha op 15 Januarie 2004 en Fanie op 6 Julie 2012. Hulle het twee dogters: Riana \*17-7-1964 en Alta \*4-9-1967, wat beide steeds op Senekal woon.



Sampie Henning en (vermoedelik) een van sy kleinkinders

gewerk vir 5 jaar (vanaf 1984 tot 1988) voordat ons Pietersburg toe verplaas is. Hy het 'n paar jaar terug sy praktyk na Pretoria verskuif. Sy vrou se naam is Karin en sy een seun se naam is Corné. Ek

## Sampie Henning


In die vorige nuusbrief het ons berig oor die afsterwe van b1.c6.d4.e6.f2.g3. Salomon Johannes (of Sampie) Henning \*26-12-1945 wie op 23 Oktober 2015 te Pretoria oorlede is. Ons kon geen verdere informasie oor hom of sy sterfte kry nie.

Marlene Page (gebore Henning), een van ons familiebondlede van Pietersburg/Polokwane het vir ons die volgende laat weet

*In Nuusbrief nr 125 van Februarie 2016 word daar verwys na Salomon Johannes Henning (Sampie) wat oorlede is. Hy was 'n prokureur wat vroeër jare in Witbank praktiseer het. Ek het daar vir hom*

dink hy het ook nog 'n dogter gehad. Sampie was een van 5 broers en het op Bethlehem groot geword. Hy het vroeër jare by die SA Ontwikkelingstrust gewerk en het eers toe hy 36 jaar oud was begin as prokureur en sy eie praktyk toe geopen.

Hy was destyds toe ek vir die onderhoud by hom gegaan het, beïndruk dat 'n nooi Henning by hom aansoek gedoen het vir werk. Ek sal kyk of ek dalk nog enige verdere inligting van hom kan opspoor.



'n Foto van Pieter Barend Henning \*20-10-1929 kort voor sy dood

## Sterftes

Afsterwe van b10.c6.d3.e2.f2. Pieter Barend Henning \* 20-10-1929. Mauritz Henning van Theresapark, Pretoria-Noord het vir ons laat weet van die dood van Pieter Barend Henning. Hy skryf as volg: Dit is met groot leedwese dat ons verneem het dat Pieter Barend Henning van Sinoville, Pretoria op Maandag 25 Januarie 2016 oorlede is. Hy het die stryd teen kanker verloor.

Ek het Pieter tydens die Henning Familiefees op 2 Oktober 2004 ontmoet toe hy voor een van my skilderytjies gestaan het wat ek van die tweede opstal, met palmbome, op Elandskraal gemaak het. Hy het gesê dat hy in daardie huis gebore is en grootgeword het.

Ek het daarna saam met hom 'n besoek aan Elandskraal afgelê. 'n Artikel oor ons besoek is in Ons Haantjie (Nr 81 van Februarie 2005) gepubliseer.

Ons het groot huisvriende geword. Ek het hom oor die jare leer ken as 'n liefdevolle, gelowige en sorgsame persoon wat trots gewees het op sy herkoms en Afrikanerskap.

Pieter het op Elandskraal, die plaas in die gebied agter Sneeuberg, wat deur ons Henning stamvader, Peter Henrich Henning, aan die einde van 1786 tot stand gebring is, grootgeword. Pieter se vader, Daniel Stephanus Henning, was die vierde en laaste Henning nasaat van die stamvader wat op Elandskraal geboer het.



Daniel Stephanus het in 1920 die tweede opstal op die plaas vir sy jong bruid, Hester Maria van Heerden, opgerig en die bekende drie palmbome daarvoor geplant.

Nadat hy gematrikuleer het, het Pieter in Cradock by die Landbank as klerk begin werk. Tydens sy loopbaan by die bank is hy, soos die gebruik by banke was, verskeie kere na verskillende takke van die bank verplaas. Hy was dus oor baie jare op verskillende dorpe in die land woonagtig. Hy is eers na Port Elizabeth verplaas waar hy in 1956 in die huwelik tree met Sarah Louisa Ferreira. Hierna is hy terugverplaas na Cradock. In 1966 is hy verplaas na

Nylstroom, daarna in 1968 na Cradock, in 1972 na Kroonstad, in 1974 na Rustenburg en in 1975 na Bloemfontein. In 1977 word hy as bestuurder na Kroonstad verplaas, daarna in 1979 na Pretoria, in 1982 na Vryburg waar hy op 60 jarige ouderdom aftree en na Pretoria verhuis. In Pretoria is sy wederhalf op 2 September 1993 oorlede. Daar is twee kinders uit die huwelik van Pieter en Sarah gebore nl. `n seun Pieter Daniel in 1957 en `n dogter Annette in 1959.

Na sy vrou oorlede is, het hy weer in die huwelik getree en wel met Johanna Maria Botes. Hulle het vir etlike jare tot sy dood in Sinoville gebly.

**Die murasie van die tweede opstal op die plaas Elandskraal, distrik Cradock waar Pieter Barend Henning gebore is en groot geword het. Die drie palmbome is in 1920 geplant, tydens die bou van die huis en staan vandag nog**



Afsterwe van b5.c1.d1.e1.f9.g4.h2.i1. **Leon Alfonso Duncan Henning \*28-9-1971.** Ons het verneem dat Leon Henning op 1-2-2016 te Kuilsrivier oorlede is. Hy was ongetroud en het vir SARS (Suid-Afrikaanse Inkomste Diens) gewerk op die Kaapstad Lughawe. Hy was die seun van Stephanus Albertus Henning \*30-9-1948 en Janet Mable (gebore Lotriet) \*28-10-1948.

**Leon Alfonso Duncan Henning \*28-9-1971 wat op 1-2-2016 oorlede is**

## Groot Flater deur Bondsekretaris

In die vorige nuusbrief (nr 125 van Februarie 2016) het ons berig oor Dr Colleen Henning, Wetenskap onderwyseres by St Johns College in Johannesburg wat een van twee Suid-Afrikaanse onderwysers is wat genomineer is om as Internasionale onderwyser van die jaar aangewys te word. Ons het haar identifiseer as die eggenote van b6.c3.d9.e4.f1.g1.h2. Johannes Christiaan (John) Henning van Atlasville, Boksburg — ‘n groot fout, waarvoor ek groot verskoning vra!



**Dr Colleen Henning \*2-4-1971 eggenote van b1.c3.d2.e2.f7.g1.h3. Peter Henning \*21-4-1971**

Die internasionale kompetisie wat Colleen en haar span verlede jaar gewen het, het die ontwerp van 'n eksperiment behels wat die hulbronne van die reuse kernversneller buite Geneve, Switserland (CERN) benodig het. Haar eksperiment is as die mees innoverende en belowende een aangewys. Sy en haar klas het 10 dae lank saam met wetenskaplikes aan hulle eksperiment by CERN gewerk.

Nou wag ons om te hoor of Colleen as Internasionale onderwyser van 2015 aangewys gaan word.



Hoewel John se vrou – ook Colleen - ook wiskunde/wetenskap onderwyseres is, en ook in die Johannesburg omgewing woon, is sy nie die een wat genomineer is nie. Die regte eggenoot van die Dr Colleen Henning wat genomineer is, is b1.c3.d2.e2.f7.g1.h3. Peter Henning \*21-4-1971. Haar volle name is Colleen Ann en haar nooiensvan was Wilmot. Sy is gebore 2-4-1971.

Colleen se skoonpa, die trotsie b1.c3.d2.e2.f7.g1. Mark Henning \*26-3-1934 van Bryanston, Johannesburg, wat 'n lid van die Familiebond is, het ons op dié fout gewys. Mark en sy pa Daniël Jacobus Steyn Henning was self uitmuntende onderwysers wat belangrike aanprysings vir hul wonderlike diens aan onderwys in Suid-Afrika ontvang het. Mark was skoolhoof van St Stithians College in Randburg en sy pa, Daniël by King Edward VII Hoërskool in Johannesburg.

## Geldsake

Ons wil weereens baie dankie sê aan almal wat oor die afgelope drie maande donasies vir die familiebond aangestuur het. Dit word opreg waardeer en dra by tot die bereiking van die doelstellings van die familiebond. Elke sent van hierdie bydraes sal aangewend word in belang van die Henning familie en in besonder die Henning Familiebond. Soos gewoonlik vermeld ons die name van diegene wat R300.00 of meer bygedra het, asook diegene wat met 'n maandelikse debietorder bydra.

- Dr NGC (Nico) Henning en sy vrou Elise van Lyttelton Manor, Centurion – R500.00

- Mark en Sheila Henning van Bryanston, Johannesburg – R500.00
- Stef en Amalia Henning van Waterkloof, Pretoria – R300.00
- Marlene Page (gebore Henning) en haar man Gerald van Pietersburg/ Polokwane – R300.00

Die maandelikse debietorder bydraes van die volgende lede is van onskatbare waarde:

- Jan Andries Henning en sy vrou Cornelia van Leraatsfontein, Witbank
- Jan Hendrik Henning en sy vrou Nicolina van Glenstantia, Pretoria
- Past Antonie Henning en sy vrou Nellie van Wonderboom-Suid, Pretoria

Alle bydraes kan direk in die rekening van die **Henning Familiebond** inbetaal word. Die besonderhede is as volg: **ABSA Bank Villiersdorp (Tak nr 334 612), Rek nr 2890 610 423.** Dit is ‘n tjkrekening. Vermeld asseblief te alle tye u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing. U lidnommer verskyn op hierdie nuusbrief se koevert of as u die nuusbrief elektronies ontvang, saam met u naam in die adreskolom.

## Henning Aandenkings

Ons het nog verskeie aandenkings beskikbaar, wat pragtige verjaardaggeskenke sal maak, of sommer net as aandenkings gekoop kan word. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos ([olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)) bestel. Ongelukkig word posgeld volgens die gewig van die pakkie bygevoeg, dus sal ons u eers in kennis stel hoeveel die posgeld sal bedra, voordat u die geld in die Familiebond se rekening deponeer. Rekening besonderhede: **ABSA Bank Villiersdorp (tak 334 612); Rekeningnaam – Henning Familiebond; Rekeningnr – 2890 610 423**

### **Vermeld u lidnommer of voorletters en van as verwysing**

1. Teelepels — R50.00 elk. Pragtig as ‘n stel van ses of meer, saam met ‘n suikerlepel
2. Suikerlepels — R54.00 elk
3. Lapelwapens — R30.00 elk
4. Mansjetknope — R100.00 stel. Werklik pragtig! Kan met trots gedra of in ‘n vertoonkas vertoon word. Sal ook ‘n mooi erfstuk word
5. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00 elk
6. Henning CD — R125.00 elk (posgeld ingesluit)

